

Sien NAMPO-kaart bl



Irrigation Unlimited

se selfloop-kanonspuite:

Gesaaides groei geil met Ocmis-besproeiing

Perfek! Dis hoe Ocmis-kruijspuite met hulle waterkanonne Ncome Gevangenis by Vryheid se gesaaides besproei. So sê die boerderybestuurder, André Brummer.

André plant kuilvoermielies en groenvoer soos stoelrog en hawer vir die boerdery se 200 Drakensberger-teelkoeie en sy Ocmis-besproeiers van Irrigation Unlimited sorg vir perfekte watertoediening om volgehoue top-produksie te verseker.

Water is nie 'n probleem nie, want daar is 'n halfmiljoen liter gesuiwerde rioolwater per dag beskikbaar, maar dit is belangrik dat daardie water reg en doeltreffend toegedien moet word. Die grond is erge swart turf wat gou afloop en dus 'n uitdaging aan besproeiing stel wat André maklik met sy Ocmisse te bowe kom. Die spuite is verstelbaar vir enige behoefte en word selfs verskaf met sproeiers vir fyn, middelslag en groot druppels om grondverdichting te voorkom of windverliese te bekamp.

André verstel vir sy omstandighede die spuite sodat dit hulle agt uur neem om hulle bane te voltooi en 12 tot 15 mm "reën" op die grond te besorg. Dit



Die kleinboet in die Ocmis-reeks, die Micro Rain word dikwels vir sportterreine en gholfbane gebruik, maar André Brummer van Vryheid sê hy gebruik dit met groot sukses vir sy kuilvoermielies en groenvoer.

werk goed vir sy turflande, maar boere met ander grondsoorte en -teksture kan weer hulle spuite perfek daarvolgens verstel.

Die stelsel werk so: 'n Sleepwa met 'n groot, wateraangedrewe pypkatrol word aan die een kant van die land staangemaak. Die punt van die pyp is aan 'n karretjie met 'n kanonspuit gekoppel. Hierdie karretjie word nou 130 meter verder na die oorkant van die land uitgekaterol en die pyp word agternagesleep.

Wanneer jy die watertoevoerkraan oopdraai, vloei die water deur 'n "watermotor" wat 'n ratkas aandryf wat die groot katrol aan die draai sit om die pyp stadig in te katrol en die kanonspuitwaentjie so terug na die katrolwa te sleep terwyl hy al die pad natmaak.

Die spoed waarteen die kanonspuit ingesleep word, kan verstel word om meer of minder water per lopiese toe te doen. Die pyp is in meters afgemerk sodat 'n mens presies weet hoe ver en vinnig hy gevorder het en jou besproeiing daarvolgens akkuraat kan beplan.

Wanneer die baan voltooi is, skakel die watermotor wat die kanonspuitkarretjie inkatrol, outomaties af, maar die toevoerkraan moet dan toegedraai word of die pomp moet afgeskakel word sodat die water kan ophou spuit. André het mooi uitgewerk wanneer sy spuite hulle werk gedoen het en 'n tydskakelaar aangebring wat die pompe presies op die regte tyd afskakel.

'n Mens kry verskillende Ocmis-moedele, waarvan die ouboet, die Ocmis R2/2, 'n baan van 300 meter lank bedien, die R1/1 'n baan van 220 meter en die kleinboet, die MR (Micro Rain) 'n baan van 130 meter. Om die grotes te bedien is een per-


soon en 'n klein trekkertjie nodig, maar André sleep syne maklik met 'n vierwielmotorfiets.

Die spesifikasies sê dat André se Ocmisse se bane 30 meter wyd kan wees, maar hy het sy bane 25 meter wyd gemaak om seker te maak dat die wind geen enkele plant van geen enkele druppel water wat hom toekom ontroof nie.

'n Groot voordeel van die Ocmis is dat dit nie die aanlok soos goukoppelpype en spilpunte met koperkragkabels nie.

André se kanonspuit is so kniehoogte op hulle karretjies gemonteer om die wind te fnuik, maar wanneer sy mielies hoër word, lig hy die spuite deur bloot 'n verlengpyp in te voeg sodat dit bo-oor die mielies kan besproei.

André is honderd persent tevrede met die diens wat hy van sy naaste Ocmis-verskaffer, TD Agri op Dundee, kry. Hulle het met 'n gps kom help uitmeet en planne maak en dit was maklik om die stelsels aan die gang te kry en te gebruik.

Hy is ook baie tevrede met die gehalte en betroubaarheid van die Ocmis-spuit en hy het nog geen probleme met hulle ondervind nie. Al wat hy sou wou sien verbeter, is dat die kanonspuitkarretjie se wiele dalk op verseelde koeëllaers gemonteer kan word eerder as op busse, want die busse hou maar net 'n bietjie langer as twee jaar. Tog is hulle baie maklik om te vervang en hulle kan by enige grassnyerwinkel gekoop word. 

Vir betroubare, doeltreffende besproeiing praat met Tobie van den Heever van Irrigation Unlimited by 012-736-2121 of 082-658-6054 of tobie@iunlimited.co.za. Besoek ook www.iunlimited.co.za. Lees die artikel in ProAgri 157 wat handel oor die groter Ocmis-moedele. Besoek ons by NAMPO, standplaas 227 A.